**Dinsdag 3 Oktober**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:26-31**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:29 (AFR83/2020)**
**God versorg die mens om te kan werk**

Wat my onmiddellik tref, is dat God eers seën voordat Hy opdragte gee en die mens oproep om te begin werk! Kyk weer na vers 28: *"Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: 'Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers ... oor die vis ... voëls en diere ...'"*

Hoe aangrypend! God skep die mens as sy verteenwoordiger, sy beeld met 'n spesifieke doel en 'n welomskrewe taak: om te heers oor sy skepping. Genesis 2:15 stel dit nog duideliker: *"Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas."* Bewerk en bewaak! Die mens is God se begenadigde rentmeesters van sy skepping wat baie goed was.

Sien jy hierin die Here se liefdevolle goedheid? Eers berei hy vir die mens – die kroon van sy skepping – 'n volmaakte woonplek. Die paradystuin, Eden! Hier kon die eerste mensepaar hulle roeping vervul en tot eer van hulle Skepper leef. Verder voorsien God aan hulle alles wat nodig is. Ja, uit sy Vaderhand ontvang hulle genade en seën, mekaar as lewensmaats, die belofte van 'n uitgebreide gesin, 'n blye toekomsverwagting, 'n vaste woning, voedsel en die beste werk.

Selfs ná die sondeval is die opdrag om te werk nie 'n vloek nie, maar 'n seën! Dis 'n loutere voorreg om deur die leiding, hulp en krag van die Heilige Gees as onderkonings van die Allerhoogste te heers. Dit is en bly ons primêre roeping. Dis waarvoor God ons gemaak het. Dit is waartoe ons Koning en Saligmaker, Jesus Christus, ons vrygekoop en verlos het – om ons met hart en siel te beywer vir God se koninkryk en die eer van sy Naam!

Nou die groot vraag: Wat doen jy met die gawes waarmee die Here jou seën en jou lewe verryk? Jou familie, besigheid, talente, geleenthede, tyd, krag en gawes? Laat ons altyd erken dat God die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorg en arbeid, en ook sy gawes, sonder sy seën, ons nie kan baat nie.

*Sing: Psalm 104-1:9, 14*

*Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)*